## Leef jou Roeping – Ontdek jou Gawes kursus: LEIERSGIDS

(nav Network)

Sessie 1 – "Imagine a Church..."

Sessie 2 – Die doel van Gawes (The purpose of gifts)

Sessie 3 – Ontdek jou Gawes (The discovery of gifts)

Sessie 4 – Die krag van Liefde (The power of love)

Sessie 5 – Die invloed van Passie (The influence of passion)

**Sessie 6 – Die belofte van Bediening (The promise of ministry)**

### Inleiding – *notas vir leiers*

Die doel van hierdie handleiding is om vir leiers riglyne te gee vir kleingroepgesprekke oor die saak van gawes. Hierdie handleiding word saam met die Network participant guide (deelnemers-handleiding) gebruik. Die veronderstelling is dat elke groeplid 'n deelnemers-handleiding het.
Daar word verwys na 'n dvd, so ver moontlik is dit op youtube beskikbaar en gaan die links daarheen vir ingesluit word in die materiaal. Kyk dit asseblief – omdat dit die gesprek aanhelp.

**Nota 1:** Die bybelstudies na aanleiding van die eerste 2 preke van die reeks fokus baie sterk op God en hoe God is. Die bedoeling daarmee is baie duidelik dat ons nie kan weet wat ons roeping is, as ons nie eers baie mooi verstaan wie is die Een wat ons roep nie. Dit is God wat ons roep. En hierdie God is heilig (wwek 1) en HY werk kragtig (week 2). Ons moet nooit dink dat dit in gawes gaan oor hoe oulik ons is nie, want **dit gaan ten diepste oor God en wie Hy is**.

**Nota 2:** As ons oor gawes begin praat dan is die implikasie duidelik dat dit ten diepste daaroor gaan dat ons gawes kry om daarmee te dien en die liggaam van Christus op te bou – so weer gaan dit nie oor ons nie, **maar oor die liggaam – 1 Kor 12:1-7**

**Sessie 6 – Die belofte van Bediening (The promise of ministry)**

## INLEIDING

Wat is die een saak wat jou tot dusver die meeste getref of aangespreek het?

In die vorig sessie is gewerk met die saak van bedienings-passie. In hierdie sessie word hierdie saak van passie duideik gemaak en dan gaan elkeen die *Servant*-Profile invul om spesifieke areas te identifiseer waarvoor God ons gemaak het om te dien. Daar is ook 'n lys by van areas in die gemeente waar mense met hul gawes kan bedien.

## GROEPE

Volg die riglyne in die werkboek p 132-133

## MOONTLIKE HINDERNISSE

Werk deur die moontlike hindernisse op p 134. Dit behoort waarde vir die groep te hê om saam te bid oor die sake wat moontlike hindernisse kan wees in groeplede se lewens. Lees ook Heb 12:1 en Efes 2:10 in hierdie verband.

## SERVANT PROFILE

Die werkboek op p 135-137 verduidelik hoe om die servant profile in te vul. Dit is bloot 'n oorskryf van die sake wat voorheen gedoen is (p 68, p 111, p 129 of 133 van werkboek).

Noudat elkeen dit gedoen het, kan ons nou begin kyk na waar en hoe elkeen prakties kan dien.

(p 138-139 in werkboek kan uitgelaat word)

## BEDIENINGSMOONTLIKHEDE (p 140-145)

Die oefening op p 140 word in die groep gedoen (kleiner groepies van 3-4 is die ideaal). Die voorskrifte op p 140 is redelik duidelik.

Hieronder is 'n lys van geleenthede wat in SA Gemeente bestaan, maar dink eers baie wyer, na die moontlikhede wat die Heilige Gees op jou hart plaas vir elkeen van die groeplede. Hierdie lys is nie uitgeput nie. As daar spesifieke sake is wat deur persone met ander gawes na vore kom, is dit 'n fantastiese geleentheid om ruimte in die bediening te maak vir mense met sulke besondere gawes.

Hoe het die groep jou gehelp?

Die faktore op p 143 speel 'n bepalende rol in jou besluit waar en hoe jy met jou gawe gaan dien.

Dit is belagrik om 'n baie duidelike besluit te neem oor wat, waar en hoe elkeen in die groep gaan dien. Dalk is dit nodig om 'n lysie te maak van die hele groep se *Servant Profile* en hulle aan te moedig om te begin dien by geleenthed ein die gemeente (anders was die hele oefening verniet!!)

Dit kan soms help om vir mense met spesifieke gawes die geleenthede te bied om dit ook in die selgroep te beoefen.

**A LIFETIME OF SERVICE  p 144**

Lees hierdie gedeelte met jou groep deur

## Afsluiting en saambid

Lees deur die lys van gawes op p 145 en soos elke gawe genoem word, laat elke groeplid opstaan, totdat die hele groep staan. Bid dan vir elkeen en vir mekaar.

**BEDIENINGS MOONTLIKHEDE BY SA GEMEENTE LONDEN**

**Worship** – instrumente en sang

**Teaching** – Sondagskool (kinders ouer as 6), kinderkerk (kinders jonger as 6), selleiers (teaching, creative communication)

**Gasvryheid** (hospitility, mercy)

**Verwelkoming** en Connect (Hospitility, evangelism, mercy)

**Tegnies** – klank, multimedia,video kameras

**Kreatief** – versiering, fotos (craftsmanship, creative communication)

**Administrasie** – kinderkerk, boeketafel verkope, vrywillige hulp by kantoor, eredienskoordineerders (administration)

**Facilities** – voorbereiding voor en opruim na eredienste (helps)

**Uitreike** – betrokke by SA uitreike, nuwe inisiatiewe (evangelism, mercy)

**Vertalingsdiens** tydens eredienste

**Kinders** – kinderkerk, sondagskool

**Gebedsbediening** (discernment, intercession)

**Geldtel –** opneem en tel van geld na eredienste

**Leierskap –** selleiers (shepherding), eredienskoordineerders, bedieningsgroepleiers, kerkraad (discernment, knowledge, leadership, wisdom)

**Vrouebediening** (encouragement)

**Mannebediening** (encouragement)